# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 2




## Een Plus Een Plus Een

## Ek kan Teks Lees

**"Die genade van die Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van God die Heilige Gees sal by julle almal wees. "**
**— 2 Korintiërs 13:14**

My Storie

Hoe goed is jy met wiskunde? Kom ons vind uit. As jy een piesang neem en, een appel en een mango en sit dit in 'n bak, hoeveel vrugte sal daar in die bak wees? Dis een plus een plus een. Ja, jy is reg. Daar sal drie vrugte in die bak wees.



**Teken 'n prentjie van 'n mooi bak met 'n piesang, appel en mango in.** Maak seker om die regte kleur te kies vir elke vrug. Skryf die volgende onder jou prentjie "Drie Vrugte"

Nou kom ons doen iets interessant met ons verbeelding. Kom ons sny die piesang in 'n klomp klein stukkies. *Sny, sny, sny, sny, sny* Goed. Nou kap ons die appel in 'n klomp stukke. *Kap, kap, kap, kap, kap, kap* Laastens, kom ons sny daardie heerlike, mango in lang, heerlike en sappige skyfies. *Sny, sny, sny, sny.*

Sit al die stukkies van al drie vrugte in die bak. Meng dit saam oral waar jy in die bak kyk, sien jy piesangskywe, appelstukkies, en mango skywe. Beantwoord nou hierdie vraag: Hoeveel vrugteslaaie het jy? Dit is reg. Een! Jy het net een plus een plus een geneem en dit gemaak ... EEN!

**Teken 'n prentjie van 'n mooi bak met die piesang, appel en vesel-perske vrugte slaai in.** Onthou om ronde piesang stukke te maak, gekapte appel stukke, en lang, pragtige mango skyfies. Kleur in elke vrug. Skryf onder jou prentjie, "Een Vrugte Slaai"

Het jy geweet dat God regtig drie individue is? Daar is God die VADER, God die Seun en God die HEILIGE GEES. Drie hemelse Vriende. Drie Gode wat een God maak. Een plus een plus een is gelyk aan een. En elke vriend bied jou iets besonders aan.




**Lees die "Ek kan teks Lees" en merk die woord wat beskryf wat elke God jou aanbied:**

**Die Here Jesus Christus bied my:**
- ☐ geld ☐ 'n nuwe jas
- ☐ genade ☐ 'n groot huis

**God (die Vader) bied my:**
- ☐ mooi voorkoms ☐ liefde
- ☐ 'n klein hondjie ☐ lekkers

**Die Heilige Gees bied my:**
- ☐ gemeenskap ☐ kos
- ☐ 'n rekenaar ☐ 'n kamera



## Pret Feite

***PIESANGS:***

*• Die gemiddelde Amerikaner Eet 28 pond piesangs 'n jaar.*

*• Die snare wat vanaf bo tot onder die piesang beweeg, help om voeding stowwe te versprei na al die groeiende piesangs.*

Jy is nooit alleen nie. Jy het drie hemelse Vriende wat selfs van jou hou ook in tye waar jy kwaad of hartseer is, hulle vergewe jou as jy 'n fout maak, en bly vir ewig by jou. Een plus Een plus Een!

## My Bybel Avonture

Wanneer jy verstaan dat God regtig drie vriende in een is, maak dit om die Bybel te lees selfs meer opwindend. Wanneer 'n vers sê dat jou sondes vergewe is, weet jy dat dit God die Vader is wat jou vergewe. Wanneer jy lees hoe God jou wil troos as jy hartseer is, verstaan jy dat dit God, die Heilige Gees is wat gelukkige gedagtes wil bring in jou verstand. En as jy lees dat God jou van jou sondes wil red, dit die Seun Jesus is wat jou wys hoeveel Hy vir jou omgee.

Lees hierdie pragtige teksverse en sirkel watter Vriend jou die krag gee om dit te maak gebeur.

Onthou:
God die Vader het LIEF en VERGEWE.
God, die Seun, RED ons VAN DIE SONDE.
God die Heilige Gees TROOS en BESKERM ons.

"As die nood my oorval, hou U my in die lewe, U regterhand red my" **(Psalm 138:7).**

VADER SEUN HEILIGE GEES

" As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe van julle sondes " **(Matteus 6:14).**

VADER SEUN HEILIGE GEES

"Jesus is die versoening vir ons sondes; en nie net vir ons sondes nie, maar ook vir die van die hele wêreld" **(1 Joh 2:2).**

VADER SEUN HEILIGE GEES

# My Gebed

**Dankie, Vader, omdat U my liefhet. Dankie, Jesus, omdat U my red van my sondes. Dankie, Heilige Gees, omdat U my troos wanneer ek hartseer is en my leer hoe om 'n veilige en gelukkige lewe te lei. Amen.**

# Biblioteek

Lees hierdie wonderlike beloftes aan jou broer, suster, ma of pa en vertel hulle dat God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees elkeen baie liefde, vergifnis en vreugde het om met almal te deel.

- "God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming. Hy was nog altyd daar om te help. Daarom is ons nie bang nie, al skuif die berge tot in die diepstes van die see" **(Psalm 46:1, 2).**
- "Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir die wat glo" **(Romeine 3:25).**
- "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. " **(Matteus 11:28).**

# My Vriend Ellen Skryf

***"Daar is drie lewende persone van die hemelse eenheid; in die naam van hierdie drie groot magte - die Vader, die Seun en die Heilige Gees - diegene wat Christus ontvang deur lewende geloof word gedoop " (Evangelism, bl. 615).***

Eendag, wanneer jy gedoop word, sal jy daardie wonderlike name hoor net voor die prediker jou onder die water doop en jou weer op bring. Luister vir hulle!

## muntstuk vir jou gedagtes

**Wat het jy sover geleer oor die "hemelse drie-eenheid"?**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________